Laerskool Gene Louw | 31 Julie 2026 | Uitgawe 9/2026

# BULLETIN




**Beste in die land!** Ons senior koor is gisteraand tydens die ATKV Applous-finaal weereens as die algehele wenners van die prestige-afdeling vir laerskoolkore aangewys.

## GENIES HOOGTEPUNTE

- Sportresultate
- Kultuurgebeure
- Personeelnuus



## UIT DIE SKOOLHOOF SE PEN

Beste Ouers en Voogde

Ek vertrou dat die afgelope vakansie vir u en u gesin 'n tyd van rus, herstel en samesyn was. Ons is opgewonde om voort te bou op die vordering wat reeds vanjaar gemaak is.

Ons waarde vir Kwartaal 3 is **omgee.** Hier by Gene Louw glo ons dat ware sukses nie net aan prestasie gemeet word nie, maar ook aan die manier waarop ons ander behandel. Toe Saggeus vir Jesus wou ontmoet, het Jesus hom nie verwerp nie, maar hom met liefde en respek ontvang: "Saggeus, kom gou af, want vandag moet Ek in jou huis tuisgaan." (Lukas 19:5). Hierdie kragtige daad van omgee het Saggeus se lewe verander.

Omgee beteken om respek vir ander te toon, vriendelik en behulpsaam te wees, en verantwoordelikheid vir ons optrede te neem. Ons wil elke leerder uitdaag om daagliks klein dade van omgee te verrig. Wanneer 'n skoolgemeenskap vir mekaar omgee, floreer almal in 'n veilige, positiewe omgewing.

Dankie vir u voortdurende ondersteuning en vertroue. Ons sien uit na 'n suksesvolle derde kwartaal saam.

## Kwartaal 3: Hier gaan ons!

'n Besige kwartaal lê vir ons voor op elke gebied. Gevolglik is dit belangrik dat leerders hul momentum behou deur te fokus en selfdissipline en deursettingsvermoë aan die dag te lê om hul doelwitte te bereik. Ons personeel is gereed om hulle te ondersteun en te begelei op hierdie reis. Formele akademiese assessering begin in Week 8 (7 September). Kliek gerus **hier** vir 'n lys van die belangrike datums vir die kwartaal.



# #GENIESROAR2026

Die skrif is aan die muur!



## Personeelnuus

Welkom aan **mev. Monique Scholtz**, wat by ons aangesluit het om Gr 5E1 te onderrig.

Ons neem afskeid van **mev. Crystal Vermeulen** en **mev. Almarie du Preez** (beide Finansies) en bedank hulle vir hul harde werk.

**Mnr. Ian Scannell** (IT) het gedurende die vakansie in die huwelik getree, terwyl beide **me. Zané Pretorius** (assistent) en **me. Lerina Kirsten** (2A2) verloof geraak het – hartlik geluk!

Ons innige simpatie met **mnr. Japie Vis** (sekuriteit), wie se pa onlangs oorlede is.




Dié muurkuns langs die hokkiebane – een van vele nuwe verbeterings in en om die skool – trek baie aandag.

## UIT DIE SPORTKANTOOR

Die volgende drie weke gaan besonder besig wees – op én langs die sportveld! Dankie dat ons op u kan staatmaak vir u begrip, geesdrif en ondersteuning. Die meeste sportaktiwiteite vir die kwartaal eindig in Week 6 (einde Augustus), met slegs enkele wintersportspanne wat daarna steeds vir spesifieke bepalings sal voorberei.

**RESULTATE** Kliek hier vir die jongste **hokkie**-, **rugby**-, **netbal**- en **skaakuitslae.**

## Kultuurhoekie

Daar is tans 'n verskeidenheid opwindende dinge om na uit te sien:

**Eisteddfod** Verskeie leerders het reeds hul Tygerberg Eisteddfod-items gelewer. Sterkte aan ekeen wat nog moet deelneem. Ons is só trots op julle almal.

**Kore** Baie geluk aan die senior koor, ons nasionale ATKV Applous-kampioene!

**Toneelspel** Die Kaleidoskoop-revue lê nog voor, asook die ATKV Tjokkertoneelfees-kompetisie. Voorspoed aan die deelnemende leerders met voorbereiding.

**En 'n bietjie pret...** Die skool voer hierdie kwartaal 'n personeelkonsert op. Besonderhede oor kaartjieverkope word binnekort bekendgemaak. Daar sal slegs twee vertonings wees, so moet dit nie misloop nie!





## KREATIEWE SPOGWERK

Dit is vir ons kunsopvoeders 'n voorreg om met kinders te werk wat soveel fyn kunssinnigheid toon.

Kliek gerus op die name hieronder om die werk van drie Gr 7-leerders wat beroemde geboue in lyntekeninge uitgebeeld het, te bekyk:

- Analinka van der Lith (7A5)
- Tyler Grové (7E2)
- Lara Nolte (7A1) ■